# GRONDSLAGFASE
# VISUELE LEESWÊRELDE
## DEUR KATHIE VILJOEN

Kom deel in die avonture, pret en soms benoude oomblik van Jorsie die worsie! Jorsie is ’n worshondjie met ’n baie groot familie. Sy hele familie is skoothondjies, maar hy het ’n ander droom … en dit is om ’n polisiehond te wees!








Die pragtige illustrasies in die boeke beloof om die leser se verbeelding vas te vang en beslis die leeservaring te verbeter. Die storielyne is boeiend, snaaks en uniek, en met die kombinasie van illustrasies wat aan grafiese romans en strokiesprente herinner, sal dit lesers se visuele begrip ontwikkel en verbeter.

Kom ons kyk na die bladsy.

Gesels met ’n maatjie oor wat jy alles **sien**.




**Begripsvrae:**

Hoe kan jy sien dat Jorsie ’n baie groot familie het?

______________________________________________________

Noem enige drie van Jorsie se familielede se name.

________________ ________________ ________________

Hoekom, dink jy, is daar ’n familielid met die naam “Morsie”?

______________________________________________________

Met watter familielid sal jy NIE wil kuier nie? Verduidelik jou antwoord.

______________________________________________________

______________________________________________________

**Taalvrae:**

Watter antwoord se **lettergrepe** is reg? Omkring die woord wat die regte lettergrepe het:

| | | | |
|---|---|---|---|
| worshond: | wor-shond | wors-hond | worsh-ond |
| familie: | fa-mi-lie | fam-i-lie | fami-lie |
| portrette: | port-ret-te | port-rette | por-tret-te |
| Jorsie: | Jor-sie | Jors-ie | Jor-si-e |
| tweede: | tw-ee-de | twe-ede | twee-de |




Kom ons kyk na die bladsy.
Gesels met 'n maatjie oor wat jy alles **sien**.

Vra vir jou maatjie die volgende vrae:

- Hoeveel honde is besig om te grawe?
- Watter hondjie grawe die beste? Hoe weet jy dit?
- Watter hondjie het die minste gegrawe?

**Taalvrae:**

Onderstreep nou die **regte woorde** tussen hakies:

Jorsie is die (goedste / beste / beterste) grawer.


Dit lyk of die Labrador en Staffie (ewe /euwe / uwe) veel gegrawe het.

Die Foksterriër is (driede / derdens / derde).

Die Jack Russel het net die (helfde / helfte / halfte) gegrawe van wat Jorsie gegrawe het. Hy is (twiede / tweede).

Gee die **trappe van vergelyking** vir die volgende woorde:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| goed | ________ | ________ | diep | ________ | ________ |
| vinnig | ________ | ________ | stadig | ________ | ________ |
| blou | ________ | ________ | bruin | ________ | ________ |




**Begripsvrae:**

Waar is Jorsie nou?

________________________________________

Hoeveel katte sien Jorsie?

________________________________________

Wat is die kleure van die katte?

________________________________________

Hoekom, dink jy, is daar vraagtekens by die katte geteken?

________________________________________

Hoe weet jy die katte het geskrik toe hulle vir Jorsie sien?

________________________________________

Dink jy Jorsie het mooi genoeg "Hallo" gesê? Verduidelik.

________________________________________

*Visuele leeswêrelde – Grondslagfase, Kathie Viljoen (bl. 8)*

**Bladsy 8**
**Begripsvrae:**
**Hoe kan jy sien dat Jorsie 'n baie groot familie het?**
Daar is baie foto's teen die muur.

**Noem enige drie van Jorsie se familielede se name.**
Enige DRIE: Morsie, Skorsie, Porsie, Snorsie, Snorsie die Tweede, Norsie

**Hoekom, dink jy, is daar 'n familielid met die naam "Morsie"?**
Hy mors baie.

**Met watter familielid sal jy NIE wil kuier nie? Verduidelik jou antwoord.**
Norsie – dit klink of hy baie nors is en nie 'n lekker maatjie gaan wees nie.

**Taalvrae:**
worshond: wors-hond
familie: fa-mi-lie
portrette: por-tret-te
Jorsie: Jor-sie
Tweede: twee-de

**Bladsy 9**
**Taalvrae:**
Jorsie is die **beste** grawer.
Dit lyk of die Labrador en staffie **ewe** veel gegrawe het.
Die Foksterriër is **derde**.
Die Jack Russel het net die **helfte** gegrawe van wat Jorsie gegrawe het. Hy is **tweede**.

**Trappe van vergelyking:**
goed, beter beste
diep, dieper, diepste
vinnig, vinniger, vinnigste
stadig, stadiger, stadigste
blou, blouer, blouste
bruin, bruiner, bruinste

**Begripsvrae:**
**Waar is Jorsie nou?**
Jorsie kruip by die gat (in die grond) uit en sien 'n klomp katte.

**Hoeveel katte sien Jorsie?**
Hy sien drie katte.

**Wat is die kleure van die katte?**
Daar is een gemmer en twee gryserige/swart katte.

**Hoekom, dink jy, is daar vraagtekens by die katte geteken?**
Hulle verstaan nie lekker hoekom daar 'n hond by die grond uitkom nie. / Hulle kan nie glo wat hulle sien nie.

**Hoe weet jy die katte het geskrik toe hulle vir Jorsie sien?**
Hulle sterte staan kiertsregop, hulle oë is baie groot gerek, hulle pote is in die lug asof hulle wip van die skrik, hulle hare staan regop, en daar is uitroeptekens orals wat wys dat hulle groot skrik.